# DIE GEMEENTE VAN EFESE

Efese is 'n baie indrukwekkende argeologiese plek in Turkye. Dit is waarskynlik nie later nie as die tiende eeu v. C. deur die Grieke gekoloniseer en hulle het hulle eie godin, naamlik Artemis, saam met hulle na Efese gebring, met die gevolg dat die godin Artemis en haar tempel vir meer as 'n duisend jaar lank 'n fokuspunt was in Efese.



In sy boek "Om die Skrif te verstaan", som D.F. du Toit die Gemeente van Efese se historiese agtergrond sò op:

*Christus sê dat Efese nie die skynheilige valse apostels wat in die gemeente ingesluip het gespaar het nie, maar die kerklike tug op hulle toegepas het en hulle leuenaars bevind het. Hulle kon dus onderskei tussen waarheid en valsheid. Hulle was geestelik ontwikkel en goed onderlê. Deesdae is dit vir ons in 'n sekere sin makliker omdat daar al so baie teologiese geskrifte en skrifverklarings bestaan wat ons kan nalees. In die vroeë kerk was dit nie so nie, die kanon van die Heilige Skrif was nog nie eers vasgestel nie. Christus ken en prys ook hulle arbeid en uithouvermoë verder aan.*

*Dit is bekend dat Efese die vernaamste stad van die Romeinse provinsie Asië was en dat die Asiatiese karavaanroete daar geëindig het. Daar was 'n goeie hawe en 'n amfiteater met sitplek vir 25 000 toeskouers. Dit is in diè arena van hierdie oop skouburg waar Paulus later meld dat hy met Wilde diere moes veg. Party skrifverklaarders meen dat Paulus teen professionele vegters moes veg in die arena en dat hy hulle ,,wilde diere" noem. Hy het gedurende sy derde sendingreis*

*vir twee jaar in Efese gebly. Johannes het hier gewoon en is vermoedelik op honderdjarige ouderdom in die stad oorlede.*

*Efese was die stad waar die beroemde tempel van die Griekse godin Artemis (in die Romeinse mitologie bekend as Diana) gestaan het. Daar is deur die plaaslike heidense inwoners geglo dat 'n beeld van die godin daar uit die hemel geval het, soos dit uit die toespraak van die Stadsklerk afgelei kan word (Hand. 19:35). Moontlik was dit 'n meteoriet wat daar geval het. Diana/Artemis was volgens die mitologie die suster van Apollo (Griekse en Romeinse god van die son, musiek, medisyne en poësie), terwyl Diana/Artemis self vir die klassieke godedom die godin van die maan en van die jag was. Dit is dus te verstane dat hulle haar beeld met die hemele geassosieer het — sy was immers vir hulle die maangodin en suster van die songod.*

*Demetrius die silwersmid, en ander lede van sy gilde of ,,vakbond", het 'n goeie bestaan gemaak deur miniatuur silwer beeldjies van die tempel van Diana te maak en te verkoop. Die tempel was een van die sewe wonders van die Ou Wêreld en viermaal so groot as die bekende Parthenon van Athene. Die opstand wat Demetrius en sy trawante aangestig het, was toe hulle besef het dat die Evangelie van die Enige God hulle hul inkomste uit die beeldjies gaan ontneem.*

*Daar is in Efese algemeen aan toordery geglo en towerspreuke is oral gebruik. Skeva en sy sewe seuns was byvoorbeeld rondtrekkende duiwelbesweerders wat Jesus se naam misbruik het en nakend moes vlug toe 'n besetene hulle wild en wakker geslaan het. Nadat die inwoners bekeer is, is die toorkunsboeke verbrand. Die waarde daarvan was bereken op vyftigduisend silwerstukke (Hand. 19—20). Die vrees van Demetrius en sy vakgenote is dus te verstane.*

*Wanneer Paulus na Rome op pad is om voor die keiser te verskyn, groet hy op pad soontoe vir oulaas die ouderlinge van Efese en sê aan hulle dat hulle hom nooit weer lewend sal sien nie. Met groot droefheid neem hulle vir oulaas van hom afskeid.*

*Efese is in die derde eeu deur die Gote verwoes en in 431 is die derde ekumeniese sinode in Efese gehou.*

Vir nog aansluitende informasie oor Efese, sien: THE ASSEMBLY OF EPHESUS

Kyk ook na die videos by die volgende skakels ...

- EPHESUS - History
- JY HET JOU EERSTE LIEFDE VERLAAT, GEMEENTE VAN EFESE
- THE SEVEN ASSEMBLIES OF REVELATION - Introduction
- THE HEAD ON COLLISION OF TWO KINGDOMS

0-0-0-0-0

AndriYaH
Junie 2021